UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 18 # 8 • 08–11–2010 • YEAR 18 # 8 MONTHLY STAFF NEWSLETTER



## Stormloop vir 'n leerplekkie

Die JS Gericke Biblioteek beleef elke eksamen 'n vloedgolf studente wat instroom as die biblioteek se voordeur soggens agtuur oopgaan – en mekaar uit die pad uit stoei vir 'n gunsteling studietafel. Die gesogte leerplekke is die biblioteek se suidekant, waar groot vensters sonlig inlaat én uitsig bied op die menseverkeer buite.

Daar is sowat 1 200 studieplekke – wat behou word ondanks die huidige inrigting van 'n leer- en navorsingsentrum in die biblioteek, sê Lucia Schoombee van die biblioteek se afdeling Webbestuur en Kommunikasie. "Al sit die studietafels stampvol in eksamentyd het ons nog nie klagtes gehad van studente wat glad nie 'n plekkie kan kry nie. Die toustanery is vir 'n 'lekker plek' eerder as om een te kry."

Sy sê internasionale tendense dui op 'n toenemende klem op biblioteke se fisiese ruimte as plekke waar studente leer, saamwerk en selfs ontspan. "Ons biblioteek se hoofffunksie is om inligtingsbronne beskikbaar te stel, maar dis vir ons baie belangrik om vir studente 'n aangename, ontspanne en leergerigte omgewing te bied."

# Scientists discover new TB-causing organism

Prof Nico Gey van Pittius (photo), a research scientist in Stellenbosch University's DST/NRF Centre of Excellence in Biomedical Tuberculosis Research (CBTBR) on the Tygerberg Campus, was at the forefront of the discovery and identification of the first new tuberculosis (TB) species in the *Mycobacterium tuberculosis* complex – a group of organisms that have adapted to using mammals as hosts.

The last time a new organism was identified in this group, was almost 20 years ago.

TB is currently the leading cause of death from infectious disease, infecting more than a third of the world's human population.

The CBTBR is at the forefront of tuberculosis research in South Africa and internationally. Because of the centre's close proximity to very high tuberculosis incidence communities, with and without high levels of HIV infection – and long-standing links with several wildlife health research associated institutions like Onderstepoort Veterinary Institute and the Kruger National Park – it is in a unique position to study both human and animal tuberculosis.


The new organism first came to the attention of Stellenbosch University scientists in 2008 when a USA research team – led by veterinary scientist Prof Kathy Alexander of the Virginia Tech College of Natural Resources and Environment – approached them for help after Alexander's team had discovered that a troop of banded mongoose in northern Botswana were dying from a mysterious, tuberculosis-like disease.

Since her team could not identify the organism that was causing the disease in the mongoose, Alexander contacted Gey van Pittius, a medical molecular biologist of Stellenbosch University who has all the molecular tools at his disposal to differentiate between the members of the genus *Mycobacterium*, the normal causative agents of tuberculous and other mycobacterial diseases in humans and animals.

Gey van Pittius realized that they were dealing with an unidentified new organism that has never before been seen in southern Africa or elsewhere in the world.

"Eventually we were able to show that the organism was related to the dassie bacillus, a tuberculosis complex species first described in the 1960's which causes tuberculosis in cape hyrax (dassies)."

Named *Mycobacterium mungi* by the Stellenbosch TB group, the new organism is the latest species identified as the *Mycobacterium tuberculosis* complex, that includes other



animal adapted organisms that infect, among others, seals, dassies, oryx, voles, goats and cattle.

"This discovery has opened up new avenues of research towards understanding the evolution of mycobacterial virulence," Gey van Pittius says. And according to his American colleagues, it also offers a great opportunity "to learn what drives tuberculosis evolution and ecology, providing possible insight into the control of this important group of pathogens."

Animal tuberculosis, like human tuberculosis, is on the increase. Failure to eliminate *M. bovis* infection in wildlife and wild animals kept in zoos and parks is of serious concern to public health officials because TB in wild animals could serve as a source of infection for domestic animals like cattle. TB in wildlife may complicate control and eradication programmes of TB in cattle and increase public health concerns.

– Sybelle Albrecht

# HOOP Projek wek groot buitelandse belangsteling

Vier geslaagde byeenkomste vir Oud-Maties en vriende van die Universiteit is verlede maand in die buiteland gehou – en tientalle alumni daar het reeds onderneem om die US se HOOP Projek lewenslank te ondersteun.

Hulle doen dit "as 'n manier om iets aan Suid-Afrika en die res van Afrika terug te gee, om die handhawing van die US se akademiese uitnemendheid te verseker, en om te help om beduidende en betekenisvolle verandering op verskeie vlakke te bewerkstellig," sê Mohamed Shaik, Senior Direkteur van Kommunikasie.

Hy en ander lede van die US Ontwikkelingspan was by dié byeenkomste om die projek bekend te stel – in Windhoek, Berlyn, Londen en Amsterdam. Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het oral opgetree. In Duitsland is hy deur prof Arnold van Zyl, Viserektor (Navorsing), ondersteun en in Londen deur proff Magda Fourie, Viserektor (Onderrig), en Gerhard Lubbe, Dekaan van Regsgeleerdheid.

Die HOOP Projek het oral groot belangstelling gewek. 'n Deurlopende vraag was hoe individue en organisasies betrokke kan raak en kan bydra.

In Windhoek het alumni gesê hulle wil samewerkingsgeleentheide met die Universiteit verken om te help verseker die HOOP Projek beteken ook iets vir Namibië. "Die vraagstukke wat ons met die HOOP Projek aanspreek, raak die hele vasteland," het Botman gesê.

In Berlyn was 'n hoogtepunt die aankondiging dat dr Wolfgang Huber, welbekende Duitse teoloog en genoot van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS), ingewillig het om as 'n beskermheer van die HOOP Projek op te tree. Ander beskermhere sluit in sir Duncan Rice, voormalige prinsipaal van die Universiteit van Aberdeen, en dr Shirley Ann Jackson, president van die Rensselaer Polytechnic Institute in die VSA.

In Londen wou 'n alumnus weet of die US die veldtog steun om Suid-Afrikaners uit die diaspora uit terug te lok. Botman het gesê Suid-Afrikaners in die buiteland het 'n belangrike rol ter ondersteuning van die Universiteit en sy HOOP Projek. Dit sal goed wees as almal hul ervaring terugploeg, en alumni – waar hulle ook al is – kan 'n belangrike bydrae lewer deur in hul alma mater te belê.

"As individu voel mens soms oorweldig deur die ontwikkelingsuitdagings om jou, maar dié projek maak dit vir ons moontlik om saam te staan en iets positiefs te doen," het Botman gesê.

"Julle kan op my steun staatmaak. Ek kan insien die HOOP Projek kan werklik waarde tot mense se lewens toevoeg," het 'n Londense alumnus gesê. In Amsterdam was daar veral belangstelling in die US se samewerking met ander universiteite deur die Nagraadse Skool van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Afrika Doktorale Akademie en die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici.


Botman het gesê die Senaat oorweeg die moontlikheid van graadprogramme wat saam met vennote elders in Afrika en in Europa aangebied word.

"Dis vir ons belangrik om oral sterk netwerke te vestig wat tot voordeel strek van sowel die Universiteit as sy alumni, vriende en die gemeenskap in geheel," sê Annamia van den Heever, Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-verhoudings.

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus



NUUS
*Universiteit se eie kelder lewer wenwyn*
3




TRAINING
*Faculty gets ten million US dollars*
3



PERSONEEL
*Hulle het gehelp om die US sterk te maak*
4




RESEARCH
*SU physicists host African laser specialists*
5



KUNSTE
*Museum bied 14 kunstenaars se werk aan*
7

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR FROM THE EDITOR'S DESK



'n Messelaar was bekend vir sy deeglike werk. Op sy dorp en in die hele kontrei het mense gepraat van die netjiese huise wat hy gebou het.

Die boukontrakteur kon altyd op die bouperseel met trots vir potensiële kliënte die messelaar se afgeronde werk wys.

Toe moes die messelaar aftree. Harde handewerk in wind en weer was nie meer goed vir sy gesondheid nie. Teen sy sin moes hy wegtrek om by een van sy kinders op 'n buurdorp te gaan bly.

Hy was lief vir sy werk en terneergedruk omdat hy moes ophou daarmee. Hy het belangstelling verloor en wou dadelik wegtrek, maar die kontrakteur het hom omgepraat om vir oulaas nog 'n huis op die dorp te bou.

Die messelaar het gemerk dat die kontrakteur hom dié keer nie saamneem as hy potensiële kliënte op die bouperseel rondwys nie. "Ek maak nie meer saak nie," het die messelaar gedink. "Ek hoef nie meer my bes te doen nie."

Hy het nie omgegee toe die werkers sommer brouwerk laat deurglip nie. Nie omgegee vir afskeep nie. Nie soos vorige kere geraas, gewys en self oorgedoen as iets skeef of swak afgerond was nie.

Toe die huis klaar was, het die kontrakteur eet- en drinkgoed vir die werkers gereël om afskeid te neem van die messelaar. Met 'n knop in die keel het die kontrakteur die messelaar bedank vir sy jare lange getroue diens, sy deeglikheid en sy toewyding.


"Nou gee ek graag vir jou 'n afskeidsgeskenk, 'n aftreeplek vir jou en jou vrou," het die kontrakteur gesê – en die nuwe huis se sleutels aan die messelaar oorhandig.

'n Berig in dié *Kampusnuus*-uitgawe laat my dink aan dié staaljie: prof Botman se woorde toe personeellede vereer is vir hul kwarteeu van diens. Hy het dié mense bedank omdat hulle die US een van die beste universiteite in die land en op ons vasteland help maak het – iets wat die Universiteit nou in staat stel om die samelewing van diens te wees met die HOOP Projek.

Lojaliteit en getroue diens is skaarshede, het die rektor tereg gesê. En, wil ek bysê: Hóé 'n mens werk en dit geniet, is eintlik iets wat jy vir jouself doen.

Hans

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!



# Hope also depends on own individual practice

Whilst I applaud and enthusiastically support our University's ambitious and creative initiative regarding the HOPE Project, I am also of the conviction that we simultaneously and equally enthusiastically need to empower and equip our main "sales and delivery agents" (students, staff and alumni) with personal skills to be the change – and therefore to bring hope – that we seek in the world (with apologies to Gandhi!).

Whilst I applaud and enthusiastically support our University's ambitious and creative initiative regarding the HOPE Project, I am also of the conviction that we simultaneously and equally enthusiastically need to empower and equip our main "sales and delivery agents" (students, staff and alumni) with personal skills to be the change – and therefore to bring hope – that we seek in the world (with apologies to Gandhi!).

I believe that this is also a prerequisite for congruent and sustainable hope-based results. The above also links with the principle of Covey, that "private victories precede public victories…"

This article focuses on the possible role and influence of students and the potential of Centres/Units for Student Counselling and Development in this regard.

### *The bleak hope reality*

Unfortunately, world-wide, the focus at these centres/units is shifting to crisis and/or remedial interventions due to a rise in the severity of student problems. Developing the potential and assisting people to realize more of what they can become is not necessarily in the focus or the norm.

### *The practical real world demand/challenge*

The current focus of practice at counselling centres/units makes it difficult to confront the challenge to bring about change and, therefore, also to bring hope (to themselves and to others). Research clearly shows that it takes more than mere academic knowledge and qualifications to achieve success in the occupational world and in life. Our students, therefore, need to be equipped with more than just academic qualifications – and what has been remedied in our centres/units in the past. They need to be encouraged and supported also to develop as well-rounded and responsible citizens and as such, practitioners of hope!

### *An attempt towards…*

In an attempt to respond to these challenges, a national project was conceptualised in 2008. Piloted during the first six months of 2010, it will be implemented in 2011. The title of the project is "*The Golden Key*[1] */ AACDHE*[2] developmental workshops project to further unlock and optimise student potential at Southern African tertiary institutions."

In practice this means that a set of 13 innovative and state of the art developmental workshops, developed by seven tertiary institutions, will be made available to counselling centres/units at Southern African tertiary institutions as from 2011.

The workshops cover the following topics: Time and stress management; Emotional intelligence; Thinking skills; Career innovation; Jump starting your career; Personal branding; Adjusting to campus life; Preventing alcohol abuse; Leading well in Africa; Study skills; Getting the most out of lectures; and Communication, self-esteem and assertiveness.

### *New workshops have great potential*

As the project leader, it is my belief that these new workshops have the potential to empower and improve student counselling, career and development centres and units on a scale never seen before.

The workshops will be rolled out over the next few months at institutions with annual training and feedback sessions scheduled.

Complementing the well researched framework of the workshops is a formal PhD study that will determine students' and staff's impressions and experiences of the workshops, as well as the impact.

The completed workshops will be monitored and researched continuously to contribute towards a more hopeful and hope-bringing practice in counselling centres/units.

*– Prof Charl Cilliers*
*Director of the Centre for Student Counselling and Development*

[1] Golden Key International Honour Society (SA): Official sponsor of the project (www.goldenkey.org or www.goldenkey.org.za)

[2] Southern African Association for Counselling and Development in Higher Education (www.sscsa.org.za)

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus*-redaksie of die* Universiteit Stellenbosch *nie.*

# *Exciting facility to open at library*



An exciting new development on campus, the Research Commons, will open in the JS Gericke Library early in 2011. This high-level research environment is intended for use by postgraduate students at master's and doctoral level as well as academic staff.

It will enhance the library's contribution to postgraduate through-put and research output – by providing a conducive environment for researchers and, secondly, by offering services which directly support the research endeavours of postgraduate students and researchers.

Funding from the Carnegie Corporation of New York set off the momentum for creating the Research Commons. The corporation has funded South Africa's Research Libraries Consortium, with its three components – developing specialized facilities (the physical construction of a research commons); sharing technologies; and aquiring highly trained professional librarians. Each component is considered significant to growing a new cadre of researchers in South Africa.

Stellenbosch University has contributed more than eighty percent of the costs of the new Research Commons – because the university recognises the potential of a highly sophisticated postgraduate research environment, to support its mission of increasing postgraduate throughput and research output.

High-level research support as well as optimal support and facilitation of the research process is envisaged.

High-level research support will include:

- access to electronic resources
- personalised assistance by skilled librarians
- continuous consultation and collaboration opportunities with research partners in related fields, for expert research support
- workshops and seminars to enhance academic writing and research techniques, and
- research discourse activities.

The optimal support and facilitation of the research process has been underscored in the 2009 Strategic Plan for the Environment of the Vice-Rector Research: the provision of "institutional support to sustain and grow, monitor and report research output and quality in order to improve our standing at national and international levels" – with the major focus on the "acquisition of resources and infrastructure."

This ideal was emphasised in the Library and Information Service's *Goal and action plan from the Strategic Directions 2010-2015*: the library's development "as a vibrant and inviting physical and virtual space that will promote collaboration, social networking, as well as private study and reflection."

The action plan stressed the importance of continuing "to grow postgraduate and researcher learning spaces such as that of a state-of-the-art Research Commons that provides specialised and focused support..."

Where to locate the Research Commons was important. It must ensure an environment that is conducive for not only research exchange and production, but also scholastic debate.

The facility will be on the library's lower level – offering researchers the flexibility of engaging in debate and exchange in the seminar room or discussion rooms, relieving stressed minds in a comfortable lounge area or engaging in rigorous self study at the designated computer work areas.

The spaces being offered will include:

- seminar rooms with video-conferencing facilities, whiteboards and projectors
- group discussion rooms
- a Linux mini cluster room
- a lounge area, and
- a copy/scanning room with fast, high-quality facilities for printing, copying and scanning.

The equipment and other facilities wil consist of 32 carousel computer work stations; fixed and movable plasma screens; wireless internet connection; high speed internet access; book shelves with reading material that will include reference works and current journals; lockers; and a coffee bar.

- Further information about the new Research Commons is available from Ms Lucia Schoombee at lcs@sun.ac.za and 021 808 2125 or Ms Marié Roux at mr@sun.ac.za and 021 808 2623.

*– Dr Reggie Raju*
*Director, Information Technology and Communication at the Library and Information Service*

*Kringloop nou voltooi waar Pinotage in 1924 ontstaan het*

# Welgevallen se kelder spog met wenwyn

**Geskiedenis is gemaak toe die Universiteit se Welgevallen-kelder twee toppryse gewen het met Die Laan Wyne-reeks se Pinotage – 'n eg-Suid-Afrikaanse druifkultivar wat in 1924 as kruisingsproduk op dié proefplaas ontwikkel is.**

By die Absa 2010 Top 10 Pinotage kompetisie was Die Laan Pinotage een van die tien wenners. Kort daarna is dié wyn weer bekroon – met 'n goue medalje by die SANW Veritas-toekennings, Suid-Afrika se oudste kompetisie vir wyne wat markgereed is. By dié wynskou het die kelder se Cape Blend 'n bronstoekenning verower.

Die Laan Wyne word gemaak in die Universiteit se kelder op Welgevallen, een van twee US-proefplase.

Dit was die eerste keer dat die kelder Pinotage op sigself vir albei dié kompetisies ingeskryf het. Vir wynmaker Riaan Wassung, wat sedert 2004 aan die Universiteit verbonde is en MScAgric hier behaal het, is dit 'n groot eer – maar hy beklemtoon ook die rol van Vaatjie Jacobs wat as wingerdkundige vir die verbouing van die druiwe in Welgevallen se wingerde verantwoordelik is.

Die plaas, een van Stellenbosch se heel oudstes, dateer uit die 1600's. Dit is langs Coetzenburg op die suidwal van die Eersterivier – en skuins oorkant die Kweekskool waar Stellenbosch in 1679 aanvanklik as landbounedersetting aangelê is.

Met die "landboufakulteit" (nou AgriWetenskappe) se ontstaan in 1918 het Welgevallen 'n proefplaas geword. Dit was in staatsbesit tot 1974 toe dié fakulteit se bates aan die US oorgedra is.

In 2000 is die ou kelder op die plaas met geldsteun van Winetech aansienlik opgegradeer. Wyn is eers net vir buite-kliënte gemaak, om versny en onder hul eie name verkoop te word – maar sedert die 2008-oesjaar word die plaas se wyne onder die Universiteit se eie etikette verkoop. Welgevallen se wyne word bemark in twee reekse, Die Laan Wyne en Maties Wyne. Dit is as verskeie rooi en wit wyne beskikbaar en word onder meer by die Matie-winkel in die Neelsie verkoop.

As eg-Suid-Afrikaanse druifsoort is Pinotage ontwikkel deur prof Abraham Izak Perold, die eerste professor in "wynbou" (wat destyds wingerdkunde ingesluit het) en eerste dekaan toe dié fakulteit in 1918 hier gestig is.

Perold het op 'n Paarlse wynplaas grootgeword en by die Victoria-kollege, die Universiteit se voorganger, gestudeer. Nadat hy 'n doktorsgraad in Duitsland behaal het, het hy later met regeringsteun wingerd- en wynverbouing, veral in Europa en selfs in Noord-Afrika, bestudeer. Met dié besoek het hy glo sewe tale aangeleer!

Hy het op Welgevallen gebly en gereeld proewe daar uitgevoer. Die invoer en vestiging van verskeie wyn- en tafeldruifsoorte in Suid-Afrika – waaronder Barlinka – is onder meer aan hom te danke. Hy het 'n Afrikaanse handboek oor wynbou (uitgegee in 1926) geskryf en dit later in Engels vertaal.

In 1928 is hy as die KWV – wat toe sowat 'n dekade oud was – se hoof-wynkundige en -wetenskaplike aangestel en het daar die grondslag gelê vir Suid-Afrika as wynuitvoerland.

Hy het in 1924 op Welgevallen die druifsoorte Pinot noir en Cinsaut (toe nog bekend as Hermitage) gekruis. Albei is kultivars van *Vitis vinifera*. Met sy vertrek Paarl toe het hy dié kruisingsaailinge agtergebly. Toe sy eertydse tuin later skoongemaak is, het 'n jong dosent, Chris Theron, die saailinge herken en gered.

In 1932 het Theron – wat toe professor en ook Perold se opvolger was – materiaal van dié saailinge op onderstokke op Welgevallen geënt.

Die bestes is uitgesoek en saam met Perold – wat Welgevallen nog gereeld besoek het – is op die naam Pinotage (van *Pinot* noir en *Hermitage*) besluit. Die eerste Pinotage-wyn is in 1941 op dié plaas gemaak en die eerste kommersiële aanplantings daarvan was kort daarna by Elgin.

Pinotage het eers ná 'n lang pad as eg-Suid-Afrikaanse druifsoort erkenning gekry. Dit word nou wyd verbou, ook op enkele ander plekke ter wêreld.

Dié druif produseer rooiwyn wat onder meer gekenmerk word deur rook-, braam- en aardse geure, en soms 'n ondertoon van tropiese vrugte.


– Hans Oosthuizen

■ Besoek die webtuiste http://academic.sun.ac.za/viti_oenol/ vir meer inligting of e-pos winesales@sun.ac.za vir bestellings.



Wynmaker Riaan Wassung (links) en wingerdkundige Vaatjie Jacobs in 'n wingerd op Welgevallen.



## *Intreerede by Regsgeleerdheid*

Prof Gerhard Kemp (links) van die Departement Publiekreg het sy professorale intreerede aangebied oor *Supreme crimes and outrageous acts: Criminalisation and the legality principle in South African and international perspective*. By hom is prof Gerhard Lubbe, dekaan van Regsgeleerdheid. Prof Kemp het die grade BA (Regte), LLB, LLM, en LLD aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en die International Legal Studies Sertifikaat (Europese en Internasionale Strafreg) (cum laude) aan die Universiteit Antwerpen, België. In 1999 is hy toegelaat as 'n advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika. Hy is in 1999 as lektor in die Departement Publiekreg aangestel. In 2002 is hy tot senior lektor en in 2009 tot professor in regsgeleerdheid bevorder.




Oud-Matie Charlene Truter het onlangs by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal se *Woordpret* opgetree. Sy is hier by haar begeleier, Stephan Lombard, en dr Willem Botha, uitvoerende direkteur van die WAT. In haar "om die tafel"-optrede het Charlene gesing, van haar skryfwerk voorgelees en oor die lewe gefilosofeer.

# Faculty gets ten million dollars in USA project

**Medical education and research training in South Africa received a $10 million boost when Stellenbosch University was included as recipient in a multimillion dollar United States project to build capacity in medical education in sub-Saharan Africa.**

America's Department of Health and Human Services, in partnership with the US President's Emergency Plan for Aids Relief (PEPFAR) will invest $130 million over five years to transform African medical education and dramatically increase the number of professional health care workers in Africa.

The Medical Education Partnership Initiative (MEPI) programme was designed to support PEPFAR's goal to train and retain 140 000 new health care workers and improve the capacity of partner countries to deliver primary health care.

Through the MEPI, grants have been awarded directly to African institutions in a dozen countries, working in partnership with medical schools and universities in the USA. The initiative will comprise a network that includes some 30 regional partners, country health and education ministries, and more than 20 US collaborators.

MEPI is a collaborative venture involving the US Office of the Global AIDS Coordinator, Health Resources and Services Administration (HRSA), and the National Institutes of Health (NIH)'s Fogarty International Center. The All-MEPI Coordinating Center is awarded to George Washington University.

Stellenbosch University's Rural Medical Education Partnership Initiative (SURMEPI) will receive two million dollars a year for five years – totaling ten million dollars.

"The Stellenbosch University team is honoured and gratified by the trust inspired by our research and training capacity," says Prof Jean Nachega (photo), director of the Centre for Infectious Diseases in the University's Health Sciences faculty. He is the principal investigator of the recently awarded SURMEPI grant.


"Many of our researchers work at well-established research sites within urban and rural communities. Others are involved in cutting-edge laboratory research. Bringing innovative medical knowledge and the skills into a rural setting – where it is most needed – with the contribution of clinical and public health grassroots investigations, has made the University's application "innovative, competitive and successful," says Nachega.

The funding will be applied to build capacity in medical education and research training – initially at the Rural Clinical School in Worcester – and then expand to other rural sites.

There are eight specific proposed projects, including (with their leaders):

- ■ Clinical Competency on Anti-retroviral and Tuberculosis Treatment for health professionals such as nurses, doctors, pharmacists, etc. (Prof Cherryl Nikodem and Dr Jantjie Taljaard);
- ■ Evidence-Based Medicine (Dr Taryn Young and Prof Jimmy Volmink);
- ■ Health System Science Research (Prof Lilian Dudley and Prof Merrick Zwarenstein);
- ■ Pharmacology (Prof Bernd Rosenkranz);
- ■ Epidemiology, Biostatistics and Public Health (Dr Neil Cameron and Prof Jean Nachega) ;
- ■ Infection Prevention and Control (Prof Shaheen Mehtar);
- ■ Infectious Diseases Training (Dr Jantjie Taljaard and Prof Jean Nachega);
- ■ Family-Based Model of HIV Care (Prof Mark Cotton).

Stellenbosch University will be collaborating with a number of external health institutions, including the Johns Hopkins University (USA), Makerere University (Uganda), the Knowledge Translation Unit in UCT's Lung Institute and the Karolinska Institute (Sweden).



Prof Jean Nachega

# Hulle het gehelp om Universiteit Stellenbosch sterk te maak



Prof Botman (vierde van links voor) by die personeellede aan wie hy toekennings vir lang diens oorhandig het. Voor is Linda Jacobs (Matie Gemeenskapsdiens), Quintus Brandt (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) en Brenda de Wee (Plantpatologie) met, regs van die rektor, Retha van der Westhuizen (Huisartskunde en Primêre Sorg) en Chris Daniels (Eiendomsdienste). **Tweede ry**: Gawie Davids (Eiendomsdienste), prof Karen Theron (Hortologie), Henry Groenewald (Aankope en Voorsieningsdienste), Pieter Hough (Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese), Johannes Adams (US Museum), Lynette Crous (Fisioterapie) en Le Roux Burrows (Ekonomie). **Derde ry**: Wilmour Hendrikse (Bos- en Houtkunde), dr Anton Ehlers (Geskiedenis), Paul Swanepoel (Eiendomsdienste) en Louis Siebert (Menslike Hulpbronne, Tygerberg-kampus) . **Vierde ry** (tweede ry van agter): prof Sakkie Cornelius (Antieke Studie), James Marney (Maties Sport) en Francois Kirsten (Finansies). **Heel agter**: Moses Ngubane (US Beskermingsdienste, Tygerberg-kampus) en Ernest Samuels (Eiendomsdienste). Izak Basson (Finansies), Glen de Jongh (Chemie en Polimeerwetenskap) , August Cyster (Opvoedkunde), Moses Kama (Eiendomsdienste), Elaine van der Merwe (Privaatreg) en Gert van Wyk (Eiendomsdienste) was nie by toe die foto geneem is nie.

In 1985 stel Microsoft sy eerste weergawe van Windows bekend. Brittanje kry sy eerste selfoonnetwerk, nege jaar voor Suid-Afrika. Gorbachev was die destydse USSR se president. PW Botha (toe US-kanselier) het as Suid-Afrika se staatspresident die Ontugwet geskrap maar "nié die Rubicon oorgesteek nie." 'n Noodtoestand is aangekondig. Rentekoerse het tot 25 persent geklim. 'n Bruin brood het 50c gekos en 'n nuwe CitiGolf R8 000.

Dít was gebeure uit daardie jaar waarna prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, 'n terugblik gewerp het toe hy onlangs 27 US-personeellede – wat almal sedert 1985 by die US werk – met Langdiens-toekennings vereer het.


"Hoe het die wêreld nie die afgelope 25 jaar verander nie? Mens kan skaars dink dat jy deesdae jou werk kan doen sonder rekenaars en selfone, wat toe nog nuwe uitvindings was," het die rektor gesê. "Maar in ander opsigte is alles nog eintlik dieselfde... in ou Stellenbosch staan die Eikebome weer groen vol nuwe blare… en raak die studente steeds wit om die kiewe namate die eindeksamen al nader kom."

Wat deesdae skaarser – en dus waardevoller – as destyds is, is lojaliteit en getroue diens, het Botman gesê. "En dis natuurlik waarvoor julle vandag vereer word." Hy het die ontvangers van Langdiens-toekennings namens die Universiteit bedank vir hul kwarteeu se bydrae. "Julle het gehelp om die US een van die beste universiteite in die land en op ons vasteland te maak. En dit is natuurlik dié posisie wat ons nou in staat stel om die samelewing van diens te wees met die Universiteit se HOOP Projek.

"Dankie vir die voorbeeld wat julle gestel het, dankie vir al die opoffering en harde werk, dankie vir die vasbyt en die saamstaan deur moeilike tye. Deel asseblief jul ervaring en kennis met die jongklomp sodat die Universiteit getrou kan bly aan sy leuse, *Pectora roborant cultus recti* – 'n Goeie opvoeding versterk die inbors."

# Opleiding kan korrupsie in staat teëwerk

Die opleiding van staatsamptenare om korrupsie in hul eie departemente uit te roei, is dalk die "verlore skakel" in die stryd teen dié groeiende probleem in Suid-Afrika, meen prof Gavin Woods (foto) van die US se Skool vir Publieke Leierskap (SPL).



Hy het in sy onlangse intreerede gesê in talle regeringstrukture "ontbreek die nodige kennis en begrip om bestaande teenkorrupsie-opsies na behore te benut".

Die US se nuwe Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie (ACCERUS) "glo hy kan deur middel van sy kursusse" dié gaping aanvul. Woods is as die eerste Uitvoerende Direkteur van die Sentrum aangestel. Hy is 'n voormalige LP en voorsitter van die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (Skoor).

Korrupsie is 'n "ernstige probleem wat sistemies in die Suid-Afrikaanse regering geraak het", het Woods gesê. Dít het 'n negatiewe uitwerking op die deursnee-lid van die publiek se lewensgehalte.

Volgens hom blyk die regering nie daartoe in staat te wees om korrupsie te stuit nie, want ondanks 'n klomp wette, beleidsdokumente, instellings en ander inisiatiewe teen korrupsie die afgelope 15 jaar, duur die probleem voort.

Woods het gesê dit het bykans drie jaar geneem om leerplanne en kursusmateriaal vir die Sentrum te ontwikkel. In dié proses het hy onder meer staatgemaak op "aansienlike ervaring in die Skool vir Publieke Leierskap" (vroeër bekend as die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning) en interaksie met senior staatsamptenare.

Volgens Woods is die meeste mense wat korrupsie pleeg nie gesofistikeerde misdadigers nie, maar individue wat swig voor versoekings in omgewings waar die risiko wat hulle loop om uitgevang en swaar gestraf te word, laag is.

Om die staatsdiens met die nodige vaardighede toe te rus om die geleenthede vir korrupsie uit te skakel, is dus die aangewese ding om te doen, het Woods aangevoer.

"In 'n aantal ander ontwikkelende lande is daar ervaar dat die stryd teen korrupsie baie moeiliker is om te wen as om te verloor. In Suid-Afrika het ons nog die geleentheid om te seëvier, mits almal hul deel doen. Die Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie staan gereed."

– Desmond Thompson

■ Kontak die US se Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie (ACCERUS) by tel. 021 918 4122 of e-pos gavin.woods@spl.sun.ac.za.



Die Bestuurder: Studentedissipline, Danie Roux (naasregs agter) en die aanklaer, Wynand Spruyt (vierde van links agter) met die lede wat van die eerste IKDK-sake aangehoor het. Voor is Deidre Odendaal (Lydia), Nikki Neethling (Concordia), Gerrit Viviers (voorsitter) en Simon Chemaly (sekretaris), met (agter) ook Ryno Laubscher (Huis Marais), Zita Weitz (Sonop), Philip Nell (Wilgenhof), Stian Theron (Helderberg) en Katrien Dippenaar (Nerina).

# *Dissiplinêre komitee vir koshuise voltooi nuwe prentjie op kampus*

'n Nuwe dissiplinêre komitee, die Intermediêre Koshuis Dissiplinêre Komitee (IKDK), het onlangs die eerste keer sake aangehoor. Dit het gevolg op die US Raad se aanvaarding van die nuwe Kode vir Studentedissipline verlede jaar, wat in Maart vanjaar in werking getree het. Gevolglik val studentedissipline nou onder die Afdeling: Regsdienste. Die ondersoekbeampte, Lourens le Roux, en bestuurder: Studentedissipline, Danie Roux, is gesetel in Admin B.

Met die Res-Ed-groepe se totstandkoming is daar ook vir die IKDK voorsiening gemaak – aanvullend tot die dissiplinêre komitees in die onderskeie koshuise (KDK), die US se Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) én die Dissiplinêre Appèlkomitee (DAK) wat 'n geruime tyd al funksioneer.

Vir elke sitting het die IKDK 'n voorsitter en sewe lede. Die voorsitter is 'n regstudent wat 'n HK-lid is of was. Vir vanjaar het die Primkomitee Gerrit Viviers, 'n BRekLLB-finalejaarstudent en voorheen onderprimarius van Eendrag, hiervoor benoem.

Elke ResEd-groep benoem ook 'n lid vir 'n bepaalde tyd. Vanjaar is die onderskeie onderprims van koshuise as IKDK-lede benoem. Simon Chemaly was die IKDK-sekretaris en Wynand Spruyt (ook aanklaer by die SDK) die aanklaer by IKDK-sake.

Die IKDK se bevoegdheid is dieselfde as die KDK s'n, maar die IKDK hoor sake aan wat nie geskik is om deur die betrokke KDK aangehoor te word nie, of verkieslik nie deur die SDK aangehoor moet word nie – soos waar 'n botsing van belange kan bestaan, waar studente van twee of meer koshuise en PSO's mede-oortreders of medepligtiges is, waar die gepaste straf by skuldigbevinding aan 'n bepaalde oortreding die KDK se strafbevoegdheid oorskry, asook ander gevalle waar die Bestuurder: Studentedissipline sake na die IKDK verwys.

'n Student mag teen die IKDK se bevinding of straf appelleer. Die SDK hoor dan die appèl aan.

Die volledige kode vir die werking van die US se dissiplinêre stelsel is uiteengesit in die Jaarboek, Deel 1.

Daar gaan binnekort ook vanaf die Afdeling Regsdienste se webblad 'n kortpadskakel na dié kode wees en Regsdienste wil dit vroeg in 2011 in 'n sakgrootte beskikbaar stel.

# Oop toegang – só maak mens

Kenners is dit eens dat akademici internasionaal beter blootstelling kan kry deur hul navorsing in 'n ooptoegang-bewaarplek of -joernaal te publiseer, maar hoe doen mens dit, en gaan dit nie jou verhouding met jou uitgewer vertroebel nie?



Prof Russel Botman onderteken die verklaring oor Oop Toegang terwyl Ellen Tise toekyk.

Dié vrae het opgeduik by die Biblioteek en Inligtingsdiens se Seminaar oor Oop Toegang tot Inligting – toe die US die eerste Afrika-universiteit geword het wat die Berlyn-verklaring oor Oop Toegang tot Inligting ten opsigte van die Natuur- en Geesteswetenskappe onderteken het.

Prof Pierre de Villiers, besturende direkteur van African Online Scientific Information Systems (AOSIS), het gesê ooptoegang verhoog die impak van navorsing. Hy het vertel hoe die joernaal *South African Family Practice*, wat in 2006 die ooptoegangroete gevolg het, deesdae wêreldwyd gelees word.

Ina Smith, die Biblioteek en Inligtingsdiens se bestuurder van E-Navorsingsbewaring, het gesê dis "vinnig en maklik" om van die US se ooptoegang-bewaarplek, SUNScholar, gebruik te maak.

SUNScholar is 'n elektroniese argief vir die versameling, bewaring en verspreiding van digitale tesisse, proefskrifte, navorsingsartikels, intreeredes, konferensieprogramme en ander materiaal. Enigiemand kan besoek aflê by https://scholar.sun.ac.za, en alle inligting mag vrylik besigtig en afgelaai word.

Om inligting op te laai, moet jy as gebruiker registreer en per epos by scholar@sun.ac.za aansoek doen om jou navorsing in 'n bepaalde elektroniese versameling te kan deponeer. Wanneer jy deponeer, maak van die PDF-formaat gebruik en verskaf soveel beskrywende inligting moontlik.

"PDF is 'n oop formaat. Enigeen sal jou navorsing kan oopmaak en lees. En hoe meer inligting jy verskaf, hoe makliker sal jou navorsing opgespoor kan word," het Smith gesê.

SUNScholar gebruik soekenjintegnologie wat alle inligting indekseer. Dít beteken jou navorsing sal toegangklik wees vir gewilde soekenjins soos Google en Yahoo.

Wat betref uitgewers, het Ellen Tise, senior direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, gesê "ooptoegang is nie in kompetisie met uitgewers nie – dis net 'n alternatiewe manier om inligting beskikbaar te stel".

Volgens Smith het die meeste uitgewers 'n bepaalde beleid oor ooptoegang, maar laat hulle jou dikwels toe om 'n tweede afskrif van jou werk in jou universiteit se ooptoegang-bewaarplek te deponeer.

"Laai gewoon al jou navorsingsartikels op, en SUNScholar sal die kopieregklaring doen," het Smith gesê.

Mark Shuttleworth, 'n internet-miljardêr en voorstander van oopbronprogrammatuur, het in 'n vooraf-opgeneemde videoboodskap gesê hoe minder mense van jou navorsing weet, hoe minder is dit werd.

"Ons dink graag die beste idees wen, maar in der waarheid wen die idees wat die beste oorgedra word. 'n Outeur het dit goed gestel. Hy het gesê, 'My grootste bedreiging is nie dat iemand my materiaal gaan steel nie. My grootste bedreiging is onsigbaarheid'."

– DESMOND THOMPSON



Gurthwin Bosman

The 3rd ALC Student Workshop, hosted by the SU Laser Research Institute, was given a thumbs up by Prof Erich Rohwer, chair of the Department of Physics, and Dr Ndumiso Cingo, chair of the ALC board and manager of the National Laser Centre.

# *SU physicists host African laser specialists*

"Thanks to the various workshops, courses and events held over the past few years, a close-knit community of supervisors and students throughout Africa are forming that in itself is helping to support research and innovation in lasers and their applications on the continent."

So says Prof Erich Rohwer, chair of the Department of Physics at Stellenbosch University (SU), upon reflecting on the role of the African Laser Centre (ALC) since its inception in 2003.

The ALC, a virtual centre of excellence focusing on laser research, takes place in the spirit of the New Partnership for Africa's Development (NEPAD) and the African Union. It aims to stimulate innovation, research and technology development in lasers and the application of lasers through various programmes focusing on research, training, business development, technology transfer and infrastructure provision

Members of the Laser Research Institute (LRI) that is housed within the SU Department of Physics, have played an integral part in ensuring momentum within the ALC community. Prof Hubertus von Bergmann, for instance, has served as a board member since its inception, while various ALC-funded joint projects between SU scientists and researchers from Zimbabwe, Tunisia, Algeria, Gabon and Egypt have been possible.

The LRI has already hosted four ALC-funded introductory courses into laser technology and laser spectroscopy which have attracted students from all over Africa to Stellenbosch.

Recently the LRI played host for the first time to the regular ALC Student Workshop, which was held at the Zevenwacht Wine Estate.

The symposium brought together ALC grant holders and partners from eleven countries and twenty institutions in Africa, along with students from various South African universities.

Prof Heinrich Schwoerer, LRI director and holder of the SARChI research chair in Photonics, was among the invited speakers. Others included Prof Thomas Feurer of the University of Bern (Switzerland) and Prof Tony Parker of Rutherford Appleton Laboratory (United Kingdom).

SU physics student Gibson Nyamuda, who will receive his doctorate in December, gave the top student presentation at the event. Gibson, who hails from Zimbabwe, is one of four current SU postgraduate students whose studies have been supported through ALC funding.

"The workshop programme facilitated student presentations and interaction with future project leaders, and ensured the maximum opportunity for information sharing and networking," says Prof Rohwer.

– ENGELA DUVENAGE

# Twee bewys SA seegebied is groter



Prof Jan van Vuuren (middel) by prof Wessel Pienaar, voorsitter van die SA Akademie se Wes-Kaapse Werkgemeenskap, en die Akademie-voorsitter, dr Van Zyl de Villiers, wat die prys op Stellenbosch oorhandig het.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het die ATKV-Akademieprys vir die beste natuurwetenskaplike artikel in Afrikaans wat in die tydskrifjare 2006-'07 in geakkrediteerde, eweknie-beoordeelde vaktydskrifte gepubliseer is, oorhandig aan prof Jan van Vuuren van die Departement Logistiek en een van sy vorige nagraadse studente, Nicky Pantland, wat nou by Standard Bank werk.

Die prys is toegeken vir 'n artikel, *Die Suid-Afrikaanse uitgebreide maritieme gebied: 'n Alternatiewe metode vir die bepaling van die voet van die kontinentale helling*, wat in Volume 26(1) van die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie verskyn het.

In die artikel is wiskundige metodes (uit die differensiaalrekening) gebruik om wetenskaplik verantwoordbare steun te bied vir 'n eenmalige aansoek deur Suid-Afrika om 'n uitgebreide maritieme gebied – buite die normale 200 seemyl eksklusiewe ekonomiese zone (EEZ) wat reeds Suid-Afrikaanse soewereine waters is.

Elke land kon eenmalig so 'n eis by die Verenigde Nasies indien, as hulle wetenskaplik kon bewys dat die voet van die kontinent (die kromme van maksimale buiging tussen die kontinentale afplatting en die bodem van die diepsee) op plekke buite die EEZ val.

Dié twee outeurs kon aantoon dat 'n bykomende maritieme gebied van byna 400 000 vierkante kilometer Suid-Afrika toekom. Suid-Afrika se eis is sowat 'n jaar gelede by die VN ingedien en daar word nog gewag op 'n antwoord.

# *Conservation Ecology student wins top prize*

Dirk Snyman (photo) a master's student from Stellenbosch University, won the prize for Best Presentation at the fifth ALTER-Net Summer School in Peyresq, France recently.

ALTER-Net (A Long-Term Biodiversity, Ecosystem and Awareness Research Network) is a partnership between 22 European research organisations – aimed at contributing towards management and conservation of ecosystems and biodiversity.

The annual summer school promotes interdisciplinary approaches among graduate students. Of the 30 students selected, most are from the European network partners, while Dirk was one of the two students selected from developing countries each year.

This year's summer school focused on "Biodiversity and ecosystem services" and consisted of three components. Lectures delivered by experts covered a range of themes relating to ecosystem management and conservation.

Students formed working groups. Each group analysed a local ecosystem, to design a management plan under various scenarios. The students also presented the results of their own research during plenary sessions.

Snyman's presentation, on "The Importance of Long-Term Monitoring in Socio-Ecological Landscapes", comprised research from his MSc study in Conservation Ecology. A vegetation survey and stakeholder interviews were compared to provide insight on assumptions regarding grazing management in the Namaqualand commons.

This work provides the basis for reviewed guidelines for grazing in this sensitive area. In this way it is hoped to achieve a more sustainable management approach that integrates



biodiversity conservation with human livelihoods.

The presentations were assessed by a panel that included internationally renowned scientists, research administrators from the European Union's directorate general, and science advisors for various governments around the world.

# New work focuses on conflicted terrain of land issues

Land has played a significant role in South Africa – both with forced removals of communities in the past and now through the Land Claims Commission. With government trying to meet land reform deadlines, a new book focuses on the conflicted terrain of land claims and land restitution in post-apartheid South Africa.

*Land, Memory, Reconstruction, and Justice: Perspectives on Land Claims in South Africa* is edited by Prof Cherryl Walker of the Sociology and Social Anthropology Department, Anna Bohlin of Gothenburg University in Sweden; Ruth Hall from the Institute for Poverty, Land and Agrarian Studies (PLAAS) at UWC; and Prof Thembela Kepe of Toronto, Canada.

According to the four editors, it is "now possible to undertake a far more comprehensive and informed assessment of the [land restitution] program's achievements than in earlier years, not only in relation to the scale of past forced population removals but also in relation to the promises of 1994 and the developmental challenges currently facing the country."

Walker, former KwaZulu-Natal regional land claims commissioner from 1995 to 2000, says the book offers overviews and case studies of different aspects of land restitution by a spectrum of contributors including academics, lawyers and non-governmental organisations.

About claims by citizens, policy-makers, analysts and the media that South Africa's land restitution programme has failed, she says: "You have to break land reform down into its different parts – restitution is very different from land redistribution. Certainly in terms of redistribution and land claims, there are very serious problems and there is a need to rethink how we have approached this. But one of the things that I've been trying to reflect on more is what constitutes failure and success in restitution, because there are so many different considerations".

Many claims have been settled through monetary compensation, she says, and it "may be more appropriate and at times what claimants want".

"I would not necessarily see that as a failure."


Approximately 4 000 rural claims are outstanding – and many of them are rather complicated. "It is not possible to rush the settlement if justice is to be done and solid foundations for future development secured," she says.

She believes that the symbolic and commemorative aspect of land restitution has been neglected. "Even when claimants accept financial compensation, most want some public recognition for not simply the place, but the community that they lost as a result of forced removals."

"It is important to take into consideration the less tangible, the emotional aspects of land. There are however places like the District Six Museum in Cape Town that have engaged in projects around memory and debates about land claims and issues such as who has claim to certain spaces and/or the city, and how, in restoring land, to recognise those who were previously completely excluded from the city and therefore had no land rights to lose".

– Lynne Rippenaar

■ *Land, Memory, Reconstruction and Justice*, published by Ohio University Press with the University of KwaZulu-Natal Press as co-publisher, can be ordered at books@ukzn.ac.za.



Prof Cherryl Walker (front left), Prof Lindy Heinecken (back) and Dr Heidi Prozesky who co-edited two recent books.

## Book raises research topics within sociology

Prof Lindy Heinecken and Dr Heidi Prozesky, both of the Sociology and Social Anthropology Department, co-edited a recently released book on key areas within sociology – such as the growing field of environmental sociology, development issues in terms of service delivery and the changing world of work as well as employee well-being and corporate responsibility.

*Society in Focus: Change, Challenge and Resistance – Reflections from South Africa and Beyond* is based on a selection of papers delivered at the South African Sociological Association's 2008 congress, hosted by this department. It showcases current sociological research, as undertaken both by established and budding social scientists in South Africa and the rest of the continent.

The book covers a variety of topical themes such as the link between society, power and the environment and how competing interests – whether these are corporate, legal, socio-ecological or environmentalist – relate to each other.

"True to its sociological nature, the collection of work presented here maintains a critical stance towards reification of roles, highlights contradictions between principles and practices in society and underscores the complexity of societal issues, such as sustainable development, community conservation, environmental justice, ecotourism, racialised histories, HIV/AIDS, and migration," explains Heinecken and Prozesky.

According to Prozesky there is "enough richness in this book to be used at undergraduate level as well as postgrad level as a reference book for research in the different fields".

"Although there is a strong theoretical focus, a lot of the papers use empirical research applied to practical issues pertaining to South Africa," she says.

Some interesting research topics are raised, such as the challenges facing the Chinese as a minority group in South Africa, environmental justice regarding the country's steel manufacturing industry, ecotourism in KwaZulu-Natal and community conservation in part of the Kruger National Park.

"The book provides a valuable resource for lecturers and students, particularly as South African sociology textbooks are scarce. It also showcases 'proudly South African' work that has been produced by indigenous scholars," she says.

All the papers featured in the book underwent an extensive peer-review process by national and international experts.

– Lynne Rippenaar

■ The book, published by Cambridge Scholars Publishing, can be ordered online at www.c-s-p.org, by e-mail at orders@c-s-p.org or by fax at +44 191 265 2056.



## Jong ekonome leer vooruit skat

Die Departement Ekonomie bied 'n Jong Ekonoom van die Jaar-kompetisie aan waarmee eerstejaarstudente die wêreld van die ekonoom kan verken en hul vernuf kan toets om akkurate vooruitskattings te maak vir ekonomiese sleutelveranderlikes – die ekonomiese groeikoers, inflasie asook rente- en wisselkoerse. Vyf dosente van die departement het die studente se resultate beoordeel.

Vanjaar se wenspan (middel) is Ben Lazarus en Ben Smit wat elkeen R3 500 ryker is. By hulle is (links) prof Andrie Schoombee, voorsitter van die departement, en Willem Jordaan, verteenwoordiger van *Die Burger*, wat R15 000 as prysgeld vir die kompetisie geborg het.

Nog twee spanne van twee elk het vir die tweede en derde plekke die res van die prysgeld gedeel. Die twee studente in die vierde plek het elk 'n volledige stel handboeke vir Ekonomie 2 ontvang.

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**Te koop:** Boombas vir tuingebruik te koop. R30 per 50 liter sak. Sel: 083 991 7350

**Suiwer Heuning:** 500g teen R25. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 823 8909.

**Pool Pump:** Brand new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Call 082 979 4667.

**Karoolam te koop:** Gewaarborg: Steroied en groeihormoonvry. Prys: R48.75 per kg. ('n Lam weeg tussen 16 en 20 kg. Halwe lammers ook beskikbaar). Verpakking: 3 opsies: Alles tjops met 2 boude heel; alles tjops met 1 boud heel; alles tjops. Aflewering: Einde van elke maand. Skakel: André Jooste. 08 33 9191 33 of e-pos: a.jooste2@gmail.com

**TE HUUR / TO LET**

**Somerset-Wes:** Woonstel vir 1 persoon in veiligheidskompleks in stil area. Ongemeubileerd. Ruim slaapkamer met en suite badkamer, sit/eetkamer en balkon met pragtige uitsig, kombuis, private ingang, veilige parkering, ADT. Nie-roker. Geen studente. R3 100.00 per maand, water en elektrisiteit ingesluit. Skakel 021 855 4495 of 082 332 7220.

**Stellenbosch:** 2-Bedroom flat. R4 500 per month + R250 once off fee for undercover parking. Shower & Bath. Built-in cupboards. Situated in Rustenburg Road, Idas Valley. Available from 1 December 2010. Viewing can be arranged. Contact 082 806 0446 or mailto: rosman@sun.ac.za

**Room to let in spacious house in Welgevonden**: I am looking for a female working person or post-graduate between the ages of 24-35 to share a fully furnished house in Welgevonden. Available from October. R2 500 per month. Please contact Elsa du Toit at ejdutoit@distell.co.za or 084 510 3411.

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Verblyf Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**Verblyf: Dalsig:** En-suite enkelbedkamer – ideaal vir nagraadse student, leerder/ouer wat oornagverblyf naby skole/kampus soek. R150 p/nag. Sluit in onderdakparkering, DSTV, Koffie en beskuit. Kontak 079 523 7243/021 883 3170.

**Verblyf: Stellenbosch:** Akkommodasie in gastehuis 10 km buite Stellenbosch. Heerlik, gesellig en sentraal (naby N1-afrit). Ideaal vir besoekende ouers. Kontak 021 884 4534 of e-pos bookings@hoopenburginfo.co.za

**Huis te huur:** Huis te huur op Vleesbaai tot 18 Desember 2010 of na 9 Januarie 2011. R600/dag. Kontak empauw@gmail.com

**Ruim huis te huur:** Ruim huis te huur in Brandwacht, 3 km van die Universiteit, vir die periode 10 Jan – 28 Mei 2011. Die huis is geleë in stil *cul de sac* straat, met 'n mooi uitsig op Tafelberg. Dit het 4 slaapkamers, 'n studeerkamer, 2.5 badkamers, 'n kombuis, 'n eetkamer, 'n groot leefarea, en motorhuis. Skakel prof Paul Kruger, sel 083 362 7268, pak@sun.ac.za

**Te huur:** Mosselbaai - luukse tweeslaapkamer woonstel in Perna-Perna, alle geriewe, ten volle gediens, see-uitsig. Sluit in DSTV, veilige onderdakparkering, 24 uur sekuriteit. Tydperk van 7 dae, 28 Desember 2010 tot 4 Januarie 2011. R1 000 per dag. Kontak Ria Burrows, 082 572 0742 of lerria@telkomsa.net.

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Strand/Somerset-Wes – Stellenbosch:** Saamryklub benodig vanaf Victoria Park in Somerset-Wes na Universiteit van Stellenbosch. Kontak Michelle by tel: 021 808 2755 of 074 172 3870 of e-pos joostem@sun.ac.za. My werksure is 08:00-16:30.

**Southern suburbs – Stellenbosch:** Lift needed. Working hours 07:30 – 16:00, with a degree of flexibility. Please email LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 9777 740.

**DIENSTE / SERVICES**

**Tikwerk en Dokumentuitleg:** Die tik en dokumentuitleg van enige tipe dokumente (tesisse, CV, ens). Kontak Karin: 083 581 7756.

**Algemeen:** Kontak my vir 'n kwotasie om u jaareinde-funksie of verjaardagpartytjie te reël. Maksimum 50 mense. Lokaal is op wynplaas buite Stellenbosch. Kontak Charlene by 079 479 0789 of e-pos choniball@yahoo.com

**Rapid eLearning Workshop:** Faculty of Health Sciences, Tygerberg Campus, 17 November, full day. Learn how to design Rapid eLearning (ReL) material in PowerPoint and add videos, sound and quizzes with free online ReL software. Contact Anne-Mari Rossouw for further details: 021 938 6070 or msr@pgwc.gov.za




Keep **HEALTHY and FIT** by joining Maties Athletics on Monday and Tuesday evenings from 17:15 at the cricket fields and Wednesday evenings from 17:15 at Coetzenburg Stadium, for some jogging or walking and loads of fun! All fitness levels are most welcome and it's FREE OF CHARGE.

**For more details contact Muhamed Ally on 021 808 4694.**

*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Maandag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die tweede Maandag van elke maand. Advertensies: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Monday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the second Monday of each month. Advertisements: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 or chenry@sun.ac.za

# Uitstalling stel 14 se werk bekend

Die internasionaal gerekende kunstenaar Marlene Dumas, wat binnekort 'n eredoktorsgraad van die US ontvang, en dertien ander kunstenaars neem deel aan *Moeder Natuur – kuns en sielkunde in gesprek*, by die Sasol Kunsmuseum tot einde Januarie.

Kunsweke met moeder en kind as tema (oorspronklik religieus) kom eeue al voor. Dit verwys ook na die inherent menslike behoefte aan verbinding met ander. Die tema van verhouding of verbinding is deedae 'n kerntema in die sielkunde én in hedendaagse kuns.

Dié uitstalling toon eienskappe van die primêre verhouding uit die perspektief van die kunstenaar en die sielkundige. Elzan Frank, 'n opvoedkundige sielkundige van Stellenbosch, is die kurator.

Aktiwiteite wat daarmee saamval, sluit in 'n praatjie (16 November, 11:00) deur dr Nils Bergman. Elzan Frank is op 17 November (18:00) die gasspreker by die Hubert Gedenklesing van die Stellenbosch Kunsvereniging en sy neem op 23 November (14:45) 'n rondleiding waar. Prof Daniël Louw bied op 1 Desember (18:00) 'n praatjie aan. Dié aktiwiteite gaan voort in Januarie.

Naas **Marlene Dumas,** van wie werke wêreldwyd in belangrike kunsmuseums vertoon word, is die deelnemende kunstenaars die skilder en skrywer **George Pemba** (1912-2001); **Jodi Bieber**, SA fotograaf wat agt *World Press Awards* gewen het; Stellenbosse visuele kunstenaar **Lyn Smuts**; **Sue Williamson** wat ook oorsee toekennings ontvang het; **Dorothy Kay** (1886-1964) wat onder meer by die Sao Paulo en Venesiese Biennale uitgestal het; **Sandra Kriel**, wie se werk in Londen, Amsterdam en Washington vertoon word; **Claudette Schreuders,** Kaapstadse beeldhouer wat internasionaal naam maak; SA video-kunstenaar **Sonya Rademeyer** wat Suid-Afrika oorsee verteenwoordig het; vryskut multimedia-joernalis **Simone Scholtz** wat onder meer *Vodacom Journalist of the Year for photography in the Western region* was**;** **Leonora van Staden,** redakteur van *Stripshow* asook deelnemer aan en mede-organiseerder van uitstallings in Europa; **Benedicte Kurzen,** 'n Franse fotograaf wat in Johannesburg woon en wie se werk in onder meer Time, Newsweek, Paris Match, Der Spiegel en Die Welt verskyn het; grafiese ontwerper en illustreerder **Doret Ferreira** wie se werk op dié uitstalling kyk na die impak van 'n baba se aankoms in die wêreld van mense; en **Darryn Gwynn,** wat vir kunsfotografie in matriek 100% behaal het en nou by die Ruth Prowse Kunsskool studeer.



Red Moon (olie op doek, 100 x 200 cm) is een van Marlene Dumas se werke op die uitstalling *Moeder Natuur.*



André Van der Merwe, dirigent van die Universiteitskoor, met die Rektorstoekenning vir Voortreflike Diens wat hy ontvang het. Prof Magda Fourie, Viserektor (Onderrig), het die toekenning namens die rektor by die koor se laaste optrede vanjaar oorhandig. Die koor spog nou met die tweede plek op die Interkultur Musica Mundi wêreldranglys, die hoogste posisie wat 'n SA koor nog beklee het.

# *Two recitals launch CD of Beethoven cello sonatas*

Pianist Luis Magalhães and cellist Peter Martens have captured all Beethoven's Cello Sonatas on a double CD. As part of a nationwide tour to celebrate the CD release, Magalhães and Martens will perform the complete Beethoven cello and piano sonatas in two recitals in the Endler Hall, at 16:00 and 20:00 on 20 November.

The two performing artists have striven to create a fresh and vibrant new rendition of these works, the result of collaboration with Beethoven specialist Dr Stewart Young.

The first concert (16:00) features the Sonata in C major Op. 102 no. 1 and the Sonata in F major Op. 5 no. 1. The Sonata in A major Op. 69, regarded my many as the most beautiful of the set will end this recital.

The 20:00 programme includes the Sonata in G minor Op. 5 no. 2 and the Sonata in D major Op. 102 no. 2. This concert will open with the rarely heard Sonata in F major Op. 17, more well-known as a sonata for French horn and piano but transcribed for cello by the composer.

Tickets (R130 and student/pensioner tickets R100 for both performances) are available at Computicket outlets countrywide or on 083 915 8000.

The Endler Hall box office opens at 15:00 on the day of the concert and will sell individual tickets.




## *Openbare Musiekeksamens*

*(gratis toegang)*

**10 November**
16:00: Fismersaal: Suretha Theron: klarinet (ensemble)
17:00: Endlersaal: Jessica de Koker: klavier (solo)
19:00: Fismersaal: Tricia Theunissen: viool (solo)

**11 November** 19:00: Fismersaal: Garreth Cederes: fluit (concerto)

**15 November (Endlersaal)**
16:00: Cherilee Adams: perkussie
17:15: Dylan Tabisher: perkussie
20:00: Eugene Gouws: dirigeerkuns
20:45: Mahieu van der Linde: dirigeerkuns

**16 November**
16:00: Endlersaal: Liam Burden: saksofoon (solo)
17:00: Endlersaal: Megan-Geoffrey Prins: klavier (solo)
18:00: Endlersaal: Jessica de Koker: klavier (concerto)
18:00: Fismersaal: Lynsey Hart: blokfluit (kamermusiek)
19:00: Fismersaal: Suretha Theron: klarinet (solo)

**29 November** 16:00: Fismersaal: Odile Lesch: viool

## *Music Lunch Hour Series*

***Fismer Hall**, 13:10 (free entrance)*

**11 November:** Lourens Fick (piano): winner of the 2009 Lionel Bowman Piano Competition,

**18 November:** "Jazz in the Fismer" – Stellenbosch University Jazz Ensemble

**26 November:** Stellenbosch University String Quartet Fundraiser


MANDJIES!
Raffia, hemp- en grasmandjies! Vir jou boeke, skoene, wasgoed, handdoeke, tydskrifte, piekniek of jou inkopies! Verskillende groottes en soorte, bont of natuurlike kleur.
By die BioBou geskenkwinkel in die Botaniese Tuin

BASKETS!
*Raffia, hemp and grass baskets! For your books, shoes, laundry, beach towels, picnics and your shopping! In various sorts, sizes and colours.*
*At the BioBou Gift shop in the Botanical Garden*

Kontak/Contact
Michelle Steenkamp
Tel. 021 808 9208 / 3054
BioBou, Botaniese Tuin
Botanical Garden

THE FIRE PLACE
Houtverkope
Kaggel /Hout
Die afsaag van bome
Kontak : Desmond
079 600 22 15

NEW HORIZON'S BLINDS & DECO
cc:2007/119367/23
Specialists in all types of window deco
ALL TYPES OF BLINDS
OUTSIDE AWNINGS (CANVAS & ALLUMINIUM)
ALLUMINIUM FLY SCREENS (WINDOWS & DOORS)
CURTAINING AND CURTAIN TRACKS
REPAIRS ON ALL BLINDS
CONTACT:
FABIAN - 0833481703 / MICHELLA - 0735678734
FAX - 086 270 1683 / TEL - 021 886 6453
NHDECOR@TELKOMSA.NET




## BOEKE / BOOKS

*Sustaining Cape Town: Imagining a Livable City.* Editor: Mark Swilling


It is now widely accepted that although cities constitute the key contributors to unsustainable development, especially due to their ecological and equity impacts, they are also viewed as the vehicle for the transition to a sustainable future for humanity, especially because they offer the most realistic platforms for a wide range of responsive interventions both in terms of technologies as well as policies and lifestyle changes. Anchored on this perspective, this book introduces the theoretical principles which underpin the required transition to sustainable cities in general and Cape Town in particular. The subsequent 14 chapters tackle more specific areas of interventions on the basis of the status quo and the key constraints towards realizing related transition interventions in Cape Town.

*– Dr Daniel K. Irurah, School of Architecture and Planning, University of the Witwatersrand*




*Teksredaksie* deur WAM Carstens & Kris van de Poel

Dit is die eerste omvattende publikasie hieroor in Afrikaans en die vrug van die outeurs se jarelange bemoeienis met dié aspek van die toegepaste taalkunde. Dosente, studente en taalpraktisyns behoort dit as primêre bron oor die onderwerp te gebruik, want dit slaag daarin om teorie en taalpraktyk te versoen. Hierdie is 'n bron wat verdien om geraadpleeg te word deur almal vir wie die kwaliteit van hulle taalgebruik van belang is. Aangebied in ses hoofstukke. Hoofstuk 1 gee 'n oorsig van die vertrekpunte vir teksredaksie. In hoofstuk 2 word die model wat nagevolg word, uitgepak en toegelig. Hoofstuk 3 beskryf die profiel van die teksredakteur. Hoofstuk 4 bespreek die doen van teksredaksie (proses en prosedure). Hoofstuk 5 ondersoek die verband met die praktyk, met sterk klem op waar antwoorde oor taalprobleme in Afrikaans gevind kan word. Hoofstuk 6 dui enkele voorbeeldtekste aan.




These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)
www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za 021 808 2401 021 808 2626

# Atleet en swemmer as sportsterre bekroon

'n Silwermedaljewenner in swem by die Statebondspele en 'n SA sewekamp-kampioen is vanjaar die Maties se Sportman en -vrou van die Jaar. Hulle is Heerden Herman en Janet Lawless.

Naas haar titel as sewekamp-kampioen het Lawless 'n silwermedalje by die Afrika Atletiekkampioenskap verower en – die dag voor haar troue! – die 100m hekkies by die USSA-byeenkoms (Universiteitsport SA) gewen.

Herman – 'n eerstejaarstudent in aktuariële wetenskap – is die nasionale kampioen in die 1500m vryslag, in die kort- en langbad-kodes. Hy is nou elfde in die wêreld in die langbadkode en het vanjaar se naasbeste tyd opgestel.

Die ander finaliste vir Sportman van die Jaar was Cornel Fredericks (atletiek), Paul Schwartz (skerm) en Werner van Zyl (judo). In die Sportvrou van die Jaar-kategorie was die ander finaliste Heletjé van Staden (fietsry), Kathleen Taylor (hokkie), Carlé Joubert (kendo), Celicia Jacobs (perdry) en Aimee Barrett (rugby).

In die kategorie vir Sportman en -vrou met 'n Gestremdheid is Ernst van Dyk (SPG-fietsry) en Roxy Burns (SPG-fietsry) die wenners. Van Dyk, die nasionale kampioen, het die Boston Marathon (rolstoel) 'n ongeëwenaarde negende keer gewen en die Argus fietswedren (handfiets) 'n vyfde keer. Burns het goue medaljes in onder meer die nasionale kampioenskappe in Port Elizabeth en by die Wêreldbeker Baanbyeenkoms in Wallis gewen. By die Wêreldbekerbyeenkoms in Spanje het sy derde plekke in die padren en in tydrennommers gewen.

Jeremy Fredericks, 'n bekende sportkommentator, het as gasspreker by die sport-erekleuredinee verwys na die eenwording in verskeie sportsoorte in die vroeë 1990's en gevra of die doelwitte van transformasie al bereik is. Elke Matie-sportman en -vrou kan 'n rol hierin speel, het hy gesê. "As sportsterre van Stellenbosch is die vraag hoe julle kan saamwerk om 'n beter lewe vir almal te skep. Dit mag nie hier stop nie. Julle moet julself afvra: Wat kan ek vir my land doen?"

Die sportspan van die jaar is FNB Maties, wat die Varsitybeker vir 'n derde keer in 'n ry en ook die WP-Superliga gewen het. Die span se afrigter, Chean Roux, is as Spanafrigter van die Jaar aangewys en Mario Smith (atletiek) as Individuele Afrigter van die Jaar.

Jannie van Eyk, 'n Maties-atletiekadministrateur, en Jurie Roux, wat onlangs die SA Rugbyunie se hoofuitvoerende beampte geword het, is elkeen met 'n toekenning vir Lewenslange Prestasie vereer. Van Eyk dien Matiesatletiek vanaf 1979. Roux was afrigter, bestuurder en later voorsitter van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub.

Luvo Manyonga, junior wêreldkampioen in verspring, asook Van Dyk en Herman is vereer in die kategorie vir individuele prestasies.



Jackie Wiese, direkteur van Maties Sport, Heerden Herman, Sportman van die Jaar, Janet Lawless, Sportvrou van die Jaar, en prof Julian Smith wat as Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel aan die hoof staan van sport by die US.

# Afdeling wek eie krag op in nuwe tuiste

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms.) Bpk. – die Universiteit se volfiliaal- tegnologie-oordragmaatskappy – het sy groen status bevestig. Dit is die eerste administratiewe afdeling op kampus wat sy eie krag opwek.

InnovUS het 'n nuwe kantoor in De Beerstraat betrek, wat toegerus is met fotovoltaïese (PV) sonkragpanele om die afdeling se eie elektrisiteit op te wek, en só minder krag by die munisipaliteit te koop.

Die projek baan die weg vir die res van die Universiteit. "Ons is trots daarop om die voorbeeld te kan stel van hoe goed dié gevestigde tegnologie werk en watter voordeel dit vir die omgewing inhou," sê Anita Nel, InnovUS se hoof- uitvoerende beampte.

Die projek is 'n saamspanpoging van InnovUS, die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies (SHVES) by die US en Setsolar, 'n hernubare energiemaatskappy wat spesialiseer in die maak en installeer van PV-sonkragmodules en sonkragwaterverhittingstelsels. Setsolar het die PV-panele geskenk en SHVES het dit geïnstalleer. Emergent Energy het die wisselrigters en ander toerusting verskaf.

Die projek is aangepak volgens die Universiteit se oorkoepelende volhoubaarheidsdoelwitte.

Duncan Palmer (foto), 'n navorsingsingenieur by SHVES, was verantwoordelik vir die installering en ingebruikneming van die PV-stelsel. Hy sê die PV-panele se spitsproduksie is in die middel van die dag – wat saamval met InnovUS se spitselektrisiteitsaanvraag. Die stelsel monitor ook hoeveel krag InnovUS so bespaar.

'n Alternatiewe energiebron gaan ook saam met nuwe gewoontes, sê Palmer. Dit behels eenvoudige dinge – soos ligte afskakel as dit nie gebruik word nie, om warmer winterklere te dra eerder as om verwarmers aan te skakel, om lugversorgers heeljaar laer te stel – en fiets te ry werk toe eerder as om 'n motor te gebruik.

Energie wat deur die panele opgewek word, word verbruik soos dit opgewek word. Maar met die beplande stoorvermoëns en die gebruik van 'n tweerigting-wisselrigter kan energie ook volgens behoefte verbruik word – soos met kragonderbrekings, saans of op bewolkte dae.






Die sonpanele (heel links) op die dak by InnovUS se kantore. Links is Duncan Palmer, die navorsingsingenieur wat vir die installering en ingebruikneming van die PV-stelsel verantwoordelik was.

SUN MeDIA STELLENBOSCH

SUN MeDIA Stellenbosch is 'n geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialisverskaffer van uitgewers-, grafiese- en drukkersdienste vir die hoëronderwysmark en die privaatsektor.




PRODUKTE

PUBLIKASIES
- Akademies, navorsing, professioneel
- Algemeen, korporatief, kontrak

UIT-DRUK HERDRUKKE
- Uitgewers- en voorskryfmarkte

AKADEMIESE JOERNALE

KURSUSMATERIAAL
- Werkboeke
- Voortgesette onderwys en opleidingsmark (VOO)

VERSLAE
- Navorsingsverslae
- Finansiële jaarstate

KONFERENSIEMATERIAAL
- Programme en uittreksels
- Bundels
- CD's

KORPORATIEF / STEUNDIENSTE
- Beleidsdokumente
- Korporatiewe skryfbehoeftes
- Reklamemateriaal

DIENSTE

ONTWERP
Skandering
Ontwerp en uitleg
Grafiese ontwerp

UITGEWERY
Redigering
Taalversorging
Illustrasie

KOPIEREG
Kopieregadministrasie
Konsultasie oor kopieregaangeleenthede

DRUKWERK
Druk, bind en afwerking van 'n groot verskeidenheid produkte

Tel: 021 808 2401 | Faks: 021 808 2626
www.africansunmedia.co.za | www.sun-e-shop.co.za | africansunmedia@sun.ac.za

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 6 Desember 2010**

**Redakteur:** Hans Oosthuizen (wnd.)
**Bladontwerp:** Heloïse Davis
**Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:**
Die Redakteur, Admin B-gebou
tel: 021 808 4851
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY